

23 Mei Johannes 14:22-31

(Teks: 14:27)

Vredeserfnis

Jesus neem afskeid met die Oosterse groet van skeiding: "Gaan in vrede" (vergelyk *1 Sam 20:42; 29:7; Mark 5:34; Luk 7:50; 8:48*). Hy bemaak aan sy kerk as geestelike erflating: vrede, sy vrede, sy innerlike rus.

Die wêreldse vredegroet is selfs leë woorde, maar Jesus se vredesgroet is anders, baie besonders: "God het ons nou vrygespreek omdat ons glo. Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus" (*Rom. 5:1; vergelyk Jes. 9:5; Miga 5:4; Ef. 2:14-17*).

Die vrede wat die Here gee is 'n magsdaad. Dit is 'n werklike gee. Dit is so werklik omdat daar deur Jesus vrede gekom het tussen God die Vader en die bekeerde mens in Jesus Christus. So werklik is die vrede dat daar nou 'n 'mens' saam met die Vader op sy troon sit. Jesus het met sy menslike natuur na die hemel opgevaar (*Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 49*). Sy offer op Golgota word beseël met die mens Jesus in die hemel, en almal wat deur sy arbeid en offer tot die ware geloof gekom het, hulle wat deur die Vader geroep is.

"Vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehag het" (*Luk 2:14*).

Tussen God die Vader en sy kinders is daar nou ware vrede sodat daar nou voortgebou kan word aan die vervulling van die Raadsplan van God. Op ons wag daar 'n nuwe môre van tuis wees om te voldoen aan ons doel waartoe die Here ons gemaak het (*Gen. 1:28*). Nou kan ons strewe na die dinge daarbo waar Christus is, waar Hy aan die regterhand van die Vader sit (*Kol 3:1*)

Sing Skrifberyming 10:1-6

Ds. G. du Plessis (Emeritus)